# Hooğstaande Eie Suid-Afrikaanse Kuns

## Wat op Bloemfontein gepresteer is.

Deur „RONEL."

DIE vrypostige optrede van geesdriftige kindertjies, skaam glimlaggies en ongekunstelde verhooggedrag van liewe klein snuiters, ouderwetse figuurtjies in fraai kostuums, kunsvolle voordragte van volwassenes, o.m. 'n liefkoketterige vertolking van die minnedig Rosa Rosarum, sang en musiek—liefdeofferandes aan die kuns, die fraaiste kunsnaaldwerk in Suid-Afrika met oorspronklike ontwerpe ter bevordering van 'n eie kuns, hande-arbeid van ongekende kunstenaars, en veel, veel meer kon tydens die Vrystaatse Kunswedstryde in Bloemfontein op 12, 13 en 14 September bewonder en aangeluister word. Dit is die twede maal dat so 'n reusetaak hier aangepak word, en dit met verrassende sukses. Teenoor 580 inskrywings van verlede jaar, was daar vanjaar 1,270, een waarvan uit Holland kom. Die ondersteuning van die saak is 'n goeie weerspieëling van die ingang wat dit vind by die volk. Plattelandse dorpe soos Brandfort, Warden, Ladybrand, Trompsburg, Edenburg, Wepener, Reitz, Senekal en ander het almal deelnemers gestuur en van die kunswedstryde 'n heelhartige Vrystaatse onderneming gemaak. Van die Meisieskool Oranje is daar alleen 225 inskrywings ontvang. Verskeie ander skole verdien ook lof vir hul gewilligheid om 'n kultuursaak te ondersteun. In een jaar tyd het geweldige uitbreiding plaasgevind. Vir die afdelings musiek en voordrag was daar 900 inskrywings, sodat uitgesogte programme vir die drie konsertaande opgestel kon word.

Beoordelaars wat menings uitgespreek het oor die verskillende voordragte het daartoe bygedra om die opvoedkundige waarde van die wedstryde te verhoog, en feite onder die aandag van deelnemers en die publiek gebring wat deskundige leiding gee in die beoefening van die skone kunste. Gesonde, opbouende kritiek is uitgeoefen. Die gehalte van musiekvoordragte hoef niks onder te doen vir die prestasies van duo's, waarvoor Liszt se Rhapsodie voorgeskryf was, het die beoordelaar sy bewondering uitgespreek oor die vertolking in die algemeen. Blyke van hoë musikale aanleg is aan die dag gelê, die aflewering was artisties en die spel vloeiend. In die wedstryd vir gemengde kore wedstryde was van 'n hoë gehalte, veral die klaviersolo's vir kinders onder vyftien. Onder hulle was mededingers wat so 'n hoë peil behaal het dat die inskrywers en sentra wat hulle verteenwoordig, trots op hulle kan wees. Oor die algemeen is die indruk gewek dat onder die jong geslag van die Vrystaat waardevolle talent skuil. Die kunswedstryde besorg kanse om daardie talent tot voller ontluiking te bring. Op die gebied van musiek is verbasende vordering gemaak sedert verlede jaar. Die betrokke onderwysers(esse) was met meer belangstelling besiel en al die deelnemers veel beter afgerig. Op 'n baie hoër peil as verlede jaar staan die vertolking van voorgeskrewe musiekstukke—weer 'n bewys van die groot waarde van die kunswedstryde.

Resitasies en voordragte het nie dieselfde hoë peil as verlede jaar gehaal nie, hoewel daar skoliere was wat voortreflike voordragte gelewer het. Met weinige uitsonderings het die stembuiging veel te wense oorgelaat. Dat 'n verskeidenheid van menslike gevoelens deur stemverandering vertolk kan word, word alte dikwels nie deur amateurs in die voordragkuns begryp nie. Omdat dit so 'n besonder moeilike vereiste is waaraan voldoen moet word, bestaan daarvoor gedeeltelik verskoning. Verwag word dat aanstaande jaar meer aandag daaraan bestee sal word en dat die kunswedstryde sal leer dat 'n heldere, gevoelvolle en plastiese stem van blywende en onskatbare waarde vir die kind deur sy hele lewe is. Verder is deur beoordelaars daarop gewys dat elke klank behoorlik geartikuleer moet word, altyd en oral, dat die musikale klanke mooi en goed uitgesprek moet word, dat kinders nie styf in hul houding moet wees nie, nie vinnig mag praat nie, dat hulle betekenislose gebare moet uitskakel, en tog die hande 'n vername rol in die voordragkuns moet laat speel, nie deur „hulle lomp te swaai nie, maar met oortuigende aandrif as uitbeelding van die tema te gebruik."

Wat die uitspraak van Afrikaanse kinders betref, dit was oor die algemeen vry goed. By sommige Engelssprekende kinders is nog elementêre uitspraakfoute gemerk. Omdat 'n groot aantal mededingsters Engelssprekend was, is verskeie male aan die hand gegee dat daar voorsiening gemaak moet word vir 'n afsonderlike afdeling waaronder hulle kan wedywer sonder in 'n nadeel gestel te wees vanweë hul uitspraak. Dit sal sommige van hulle wat werklik verdienstelik



Die Sondagskoolkoor van die Neder. Geref. Gemeente Bloemfontein-Noord, wat die eerste prys op die Afrikaanse Kunswedstryde behaal het. Geheel regs agter staan mnr. W. F. Bezuidenhout, Superintendent van die Sondagskool. In die middel voor, mevr. J. P. Rossouw en mevr. A. Linde.

ander plekke nie. Besonder goed voorberei was die dr. Viljoen-skool se ondertwaalf-koor wat die eerste prys verwerf het. Die kinderstemme was fris, tempo en ritme het deurgaans bewaar gebly, ook die toonbalans was goed, die aflewering besonder goed. Vir die ope klavieronder agtien het Wepener se koor pragtig voorgedra en die eerste prys welverdiend verwerf. Die Ladybrand se Weeshuiskoor was twede. Hulle was goed gedissiplineer, en met genot kon geluister word na 'n goed-afgerigte koorsang met harmoniese stem-menging. Die musiek-



Wepener se Skoolkoor wat die eerste prys vir Gemengde Kore op die Afrikaanse Kunswedstryde op Bloemfontein behaal het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# *Hoogstaande Eie S.-Afrikaanse Kuns*

voorgedra het, 'n billike kans gee om iets te presteer in die twede taal. Meisies van Std. IX en X het op besonder verdienstelike wyse voorgedra en werk van hoogstaande gehalte gelewer.

Die kunstentoonstelling wat in die Ramblers-saal gehou is, het ook in een jaar tyd wortel geskiet, en 'n duidelike kunsbegrip was in baie van die vertoonde artiekels te bespeur. In die afdeling vir houtwerk was die getal inskrywings tweemaal soveel as verlede jaar. Kunstig-vervaardigde meubelstukke is vertoon. Veral opmerklik was die stewigheid van die meubels en byna algehele afwesigheid van versiersels. Dit het die indruk van stewigheid verstrek. Elke stuk was besonder netjies afgewerk. Spesiale melding dien gemaak te word van 'n tafel en rusbank vervaardig uit olienhout en olienhoutwortels. Die tafels is ingelê met ander houtsoorte. Die twee kunsstukke, so pragtig en sterk afgewerk, was nie ingeskryf vir mededinging nie, maar slegs vertoon omdat hulle nie 'n eie klas vorm nie. In die kinderafdeling was daar verskeie modelle wat die aandag getrek het. Hier word veral gedink aan 'n klein kapkar uit stinkhout vervaardig, volmaak afgewerk en in alle opsigte 'n klein uitgawe van die kapkar uit die goeie ou dae wat so vinnig aan verdwyn is.

Verblydend was dit om op te merk dat in die afdeling vir beeldende kuns die gehalte van werk veel hoër en belowender was as verlede jaar. Tekeninge van kinders, veral blomme, was uitstaande. Die mening is deur beoordelaars uitgespreek dat die Vrystaatse plattelandse skole meer aan die wedstryde behoort deel te neem. 'n Merkwaardige stuk metaalwerk (repousse-werk) van mevr. C. H. de Wet het 'n goue medalje weggedra. Dit is 'n stuk werk van $3\frac{1}{2}$ by $2\frac{1}{2}$ voet groot en getuig van besondere talent. Die beeld stel die terugkeer van 'n Voortrekkerjagter na die laer voor. Twee van sy medejagters en medetrekkers uit die laer is deur Kaffers vermoor. Die treurige tyding deel hy aan die weduwees mee wat op die agtergrond hul stille lyding verduur en deur 'n aantal medetreurendes omring is. Fors en dapper staan die gestalte van 'n Voortrekkersvrou voor die boodskapper. Met uitgestrekte arm verklaar sy vasberade dat die tyd van wraakneming nie meer ver is nie, omdat die gerug verneem is dat die Kaffers hulle gereed hou om die laer aan te val. Die gedagte en ontwerp van die pragstuk is nog 'n bydrae tot die groei van 'n eie Suid-Afrikaanse kuns, 'n doel wat seer seker deur die kunswedstryde beoog word.

Kunsnaaldwerk, in Bloemfontein vervaardig en daarby die mooiste in Suid-Afrika, was onder die artiekels wat die meeste bewondering op die kunstentoonstelling gewek het. Beroepsmense word toegelaat om mee te ding, sodat 'n goeie besef gekry kon word van die gehalte van werk wat gelewer word deur mense wat hulle toelê op een of ander gebied van die kuns. In die afdeling vir beroepsmense het mevr. J. H. Grant van die Bloemfonteinse Skool vir Kunsnaaldwerk gewedywer. Die bekende blou-bordontwerp, deur haar in die allerkunstigste manier in wol uitgewerk, het eerste prys verwerf. Van 'n bordjie oor die honderd jaar oud het mevr. Grant self die ontwerp geteken, vergroot en daarvan 'n allerfraaiste muurbehangsel gemaak. Wat dadelik nog in die oog geval het, was 'n Kaffertoneeltjie op die doek gebring met naald en woldrade, net so plasties as 'n skilder dit met verf en penseel kan wens om te doen. Die toneeltjie het op die voorgrond drie tiepiese Kafferhutte. Langs een van die hutte sit 'n Kaffer gebuk voor 'n groot, swart pot. 'n Klein entjie verder stap 'n klonkie met sy boekpensie volmaak tevrede, op weg na die hutte wat met die skoonheid van 'n eg Suid-Afrikaanse landskap omring is. Met groot lof en waardering kan gepraat word van so 'n tiepiese ontwerp. Dit is een van die bemoedigende pogings waarmee 'n skool met die gees en gedagtes wat in ons kuns tuis hoort, geskep word.

Leerwerkartiekels was min vertoon, maar deurgaans van goeie gehalte. Teleurstellend was die gewone naaldwerk in die afdelings vir volwassenes. Fyn borduurwerk het heeltemal agterweë gebly. Selfs die kinders het nie so sterk gewedywer as verwag kan word nie. Hoewel heelwat ruimte vir verbetering gelaat is, het hierdie deel van die kunstentoonstelling tog groot vooruitgang getoon—'n verblydende belofte vir die toekoms.

Die afdeling vir gebak, konfyt, ens. was die swakste. As mens dink aan die uitstekende uitstallings van koek, konfyt, seep, ingelegde vrugte en allerlei huisware op alle Vrystaatse tentoonstellings, is dit raaiselagtig waarom die vroue dit hierdie keer laat links lê het. Miskien wel omdat die besef nog nie deurgedring het dat ons strewe moet wees om ons kookkuns wat meer as twee en 'n half eeu oud is, te bewaar en uit te oefen soos ons moeders en grootmoeders, want dis die grondslag waarop ons volksgesondheid rus. Die kinders het, egter, in dié afdeling mooi meegeding. Allerheerlikste tertjies is gemaak deur dogters van veertien tot agtien jaar.

As 'n mens dink aan die Vrystaatse kunswedstryde wat maar vir die twede maal in Bloemfontein gehou is en soveel besieling en aanwakkering gebring het, word gelyktydig gedink aan die oorsigtige openingsrede wat gelewer is deur waarnemende hoofregter Jacob de Villiers. In die loop van sy toespraak het hy 'n krans op die graf van ons te vroeg gestorwe digter dr. A. G. Visser, gelê. Hy het o.m. verklaar dat ons ongekende groei, soos ook openbaar word in die lewe van die kunswedstryde, die gevolg is van veelbewoë tye. Spreker het gesê: „Kuns word uit die dieptes van die volkskarakter gebore. Dit is die stempel van sy siel wat die volk afdruk op alles wat hy voortbring." Die wedstryde wat ingesluit het handearbeid, voordrag, woordkuns, beeldende kuns, waaronder skilderkuns, beeldhouwerk en tekenkuns, was die vrug van Suid-Afrikaanse talent—daarom waardeer ons dit, daarom werk ons daarvoor, daarom is ons trots op die gesonde groei, daarom roem ons die offerandes van kunsliefhebbers wat op die Vrystaatse Kunswedstryde hul wierook versprei het ter veredeling van 'n eie Suid-Afrikaanse kuns.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012